

DIE STEM VAN AFRIKAANS, VOLKSIDENTITEIT EN SELFBESKIKKING: 'N REAKSIE OP GILIOMEEN EN ADAM

Carl Boshoff (IV)

(Direkteur van SABRA en lid van Volksstaatraad)

NOOD AAN NUWE DENKBEELDE

Enigeen wat al 'n misverstand uit die weg moes ruim of die slegte beeld van 'n goeie ding probeer verander het, sal weet dat die werklikhede wat in mense se koppe lewe ewe — soms meer — onomstootlik is as die voorhande werklikhede waarvan ons sintuie getuig. En as idees eers interpersoonlike beslag gekry het en deel van 'n sosiale bewussyn word of as kollektiewe identiteite in die vorm van instellings gekonkretiseer word, kom mens te staan voor gegewe wat nie orders vat net omdat dit as “sosiale konstrakte” beskryf kan word nie. Dít behoort teoretici, ideoloë en aktiviste van tyd tot tyd in hulle spore te stuit.

Dit beteken nie dat kritiek en nadenke, veral met betrekking tot die mobilisering van sosiale bewussyn nodeloos of oorbodig is nie — intendeel, maar daar behoort uit die staanspoor 'n sin vir die betreklikheid van elkeen se eie bydrae tot die debat gekweek te word. Van die konserwatiewe nasionaliste met hulle nostalgiese na die “Witmansland” wat Suid-Afrika eens was en hulle gebrek aan grondige teorie, tot die liberale demokrate wat glo dat hulle met enkelinge se angs en regte of met swart aspirasies en wit vrese die kode vir sosiale konflik in Suid-Afrika gebreek het, kan almal baat by 'n groter openheid jeens die werklikheid waarop hulle vooroordele so maklik afgelaai word.

Daarom is 'n polemieks soos dié en 'n forum van hierdie aard tydig en belangwekkend, veral in soverre stemme wat in die Ou Orde as afwykend beskou is en mense wat dikwels eers hulle deelname moes regverdig, nou vryuit praat. Om die waarheid te sê: enigeen vir wie kwaliteit van belang is, neem met verligting kennis dat die konserwatiewe alleenreg op “outentieke” standpunte oor Afrikanerskap en 'n Afrikaanse lewe deurbreek is. Die waarheid, soos Prof Giliomee daarna verwys, is verlore — en wat 'n wins is

dit nie!

Teen dié agtergrond wil ek voorkom dat my insigte tóg maar soos finale antwoorde lyk en wil ek nie in die ou loopgrawe teenoor “linkse” standpunte stelling inneem nie. Die links-regs verdeling van die Ou Orde het sy waarde verloor en terwyl betekenisvolle nuwe verdelingslyne tot dusver nog uitbly, moet ons die beweegruimte wat dit bied tot die uiterste benut. Prof Giliomee se standpunt byvoorbeeld, het by my geen begeerte gewek om ‘n stryd tot die bitter einde aan te knoop nie; daarvoor het ons te veel in gemeen en is my nood aan nuwe denkkeelde te groot. Soos alle denkende Suid-Afrikaners moet ek tans ook die tradisie waarbinne ek werk aan grondige herbesinning onderwerp.

Die feit dat ek by die strewe na ‘n volkstaat aansluiting vind, behoort my dus nie aan ‘n voldonge kategorisering of aan strak vooroordele uit te lewer nie; dit sou eenvoudig op ‘n nuwe monopolie afstuur, wat beteken dat ons by al die verlies nog niks gewen het nie. Daarom wil ek graag by die huidige kommer oor Afrikaans, Afrikaanses en Afrikaners aanknoop, maar nie sonder om op punte te wys waar die politiek korrekte vertolking van ons omstandighede wat tans die rondte doen, té yl is en ‘n dieper, radikaler benadering verg nie.

‘N DERDE PUNT VAN BEVRAAGTEKENING

Ek is naamlik op soek na ‘n derde punt vanwaar die Nuwe Orde radikaal bevraagteken kan word, maar vind dit nie by die liberale kritiek nie. En is dit nie kostelik wie almal hulle deesdae van liberale retoriek bedien nie; Radio Pretoria wat hom byvoorbeeld ten tye van onwettige uitsendings op sy reg tot die vryheid van spraak beroep het! Dié aanspraak voel eienaardig omdat ‘n konserwatiewe beroep op liberale instrumente wat deur die Nuwe Orde daargestel is, dié Orde juis bevestig, maar tegelyk voel dit vanselfsprekend en toon aan dat die sterkste kritiese argumente tans nog op liberale teorie berus. Die aard of struktuur van hierdie opposisie staan dus nie bo verdenking nie en beperk mens tot lojale kritiek, die soort kritiek wat altyd weer in diens van die Nuwe Orde gestel kan word.

Sodra die idee van opposisie, met ander woorde van voorstand en teenstand of tese en anti-tese, met die idee van ‘n derde punt begroet word, verwag mens dat daar na ‘n Hegeliaanse sintese gesoek word. Na jare waarin bemiddeling van konflik die enigste

groeïende bedryf in Suid-Afrika was, is dit seker te wagte dat mense die veilige ruimte van getransendeerde opposisie begeer, maar dit is juis wat ek wil vermy. Om die waarheid te sê: die liberale opposisie teen die Nuwe Orde staan alreeds in die teken van so 'n dialektiek, van die opgehefde tweeledigheid, en dit is wat deurbreek moet word.

Anders gestel: daar bestaan 'n behoefte aan 'n buitenste punt vanwaar die hegte orde van tese-antitese>sintese wat opposisie-politiek in die Nuwe Orde ten grondslag lê, uitgedaag kan word. Dit kan 'n derde punt genoem word. Maar van watter belang sou dit wees? Of meer op die punt af: is dit waar dat die liberale opposisie teen die Nuwe Orde alreeds struktureel in die knus ruimte van 'n voltrekte dialektiek tuisgemaak is? In belangrike opsigte wel. 'n Mens kan aanvoer dat alle politieke stelsels wat op regering en opposisie berus, maar veral tweepartystelsels so verstaan moet word. Die regering probeer om sodanig te regeer dat hy teen die opposisie se aanslae staande kan bly en die opposisie probeer sodanig opponer dat hy die regeringsfunksie van sy opponent kan oorneem. Die onderliggende veronderstelling is dat kompetisie tot die beste resultate lei en dat hierdie toutrekkery die burgery in geheel, met ander woorde mense aan beide kante, tot voordeel strek — 'n voorkeur vir kompetisie wat help om die hegte band tussen demokrasie en die vrye mark te verklaar. Die staat self is dus die versweë sintese wat die opposisionele verhouding binne 'n meer grondliggende eenheid te ruste lê.

Nou bedoel ek nie dat almal wat die regering kritiseer met 'n slap riem gevang word en net ek dit raaksien nie. Inteendeel: baie poog juis om 'n staat op hierdie grondslag te help vestig en in soverre die regerende elite in Suid-Afrika opposisionele politiek nog nie só verstaan nie, voel die liberale geroepe om hulle daartoe op te voed, of dit eenvoudig teen hulle wil in werking te stel. 'n Nie so verrassende vorm van neo-voogdyskap. Die dapper oproepe tot sterk opposisie is dus niks anders as 'n bevestiging van die staat en sy strukture nie en kritiek op die nuwe regering word in diens van die Nuwe Orde gestel.

Aangesien dieselfde Orde wat polêre opposisie so sistematies in sy diens kan stel, na my mening radikaal uitgedaag behoort te word, benodig mens 'n derde punt om dit met integriteit of sukses te kan doen. Die derde punt wil naas die voor- en teenstanders plek maak vir die omstanders - nie onbetrokke buitstanders nie,

maar mense wat ander, onbedagte standpunte inneem sonder om in die tweeledigheid geneutraliseer te word.

Maar waarom moet die Nuwe Orde radikaal uitgedaag word? Waarom is sterk opposisie binne die reëls nie goed genoeg nie? Omdat die twee goed wat die meeste teenstand uitlok, juis skering en inslag van die Nuwe Orde is; met ander woorde, omdat kritici hulle teen die grondslae van die Nuwe Orde rig, maar op die luukse aanspraak maak om dit binne die beskerming daarvan te doen. Die staat is nie neutraal nie en twee sentrale waardes waarsonder 'n nuwe Suid-Afrika ondenkbaar is, is nasiebou en herverdeling - met alles wat dit inhou. Maar mettertyd meer daaroor. Radikale kritiek op die Nuwe Orde is dus nie 'n willekeurige behoefte om ander se prestasies te ondermyn nie, maar dui juis op die erns waarmee dit bejeën word.

VERVREEMD DEUR NASIEBOU EN HERVERDELING?

Nou ontstaan die vraag namens wie die kritiek ontwikkel moet word. Wie het rede, of effens anders beskou: wie het regverdiging om deur nasiebou en herverdeling vervreemd te voel? Teen die agtergrond van ons geskiedenis is dit nie almal wat bedreig voel wat hulle belange met 'n goeie gewete kan beskerm nie — 'n morele dilemma wat met oorleg deur die nuwe elite aangewend word. Prakties gesproke kry hierdie vraag beslag in die debat oor wie se gemeenskaplike aansprake en regte voorrang behoort te geniet: Afrikaners of Afrikaanses.

Dat daar hoegenaamd so 'n debat kan wees, berus op die uitgangspunt dat sosiale identiteit op 'n manier die produk van mense se verbeelding is, of minder uitdagend gestel: dat dit 'n konstruk van die bewussyn is. Aan die hand van Benedict Anderson se insiggewende en dikwels misbruikte uiteensetting, beskou ek dit as 'n goeie uitgangspunt vir verdere gesprek. Slegs 'n kru vorm van materialisme kan mens laat kraai asof die bestaan van alle kollektiewe identiteit daardeur opgehef is. Ten aansien van die veranderbaarheid van sosiale identiteit behoort dit mens tot ten minste twee gevolgtrekkings te bring: eerstens dat bestaande identiteite verander en kan verdwyn en dat nuwe identiteite tot stand kan kom, en tweedens dat bestaande identiteite histories gewortel is en nie maklik of op voorskrif verander nie.

Histories gesproke kan niemand daarby verbykom dat daar 'n Afrikanergemeenskap ontstaan het en deur talryke instellings aan

sy bestaan beslag gegee het nie. Die gemeenskap het nie net bestaan in soverre hy deel van die magselite in 'n minderheidsregering was nie, al het dit 'n groot deel van sy afgelope geskiedenis oorskadu. Verder het hy ook nie net bestaan insoverre hy 'n homogene orde op sy lede kon afdruk nie, al was so 'n poging eweneens 'n uitstaande kenmerk van 'n deel van die gemeenskap vir 'n deel van sy geskiedenis en al het dit baie mense van "Afrikanerskap" in dié sin vervreem. Die gemeenskap het oorwegend, hoewel nie uitsluitlik nie, uit mense wat in die Ou Orde as blank geklassifiseer was, bestaan en dit is om verskeie redes vir die grootste deel van sy geskiedenis tot 'n deurslaggewende maatstaf vir aanvaarding verhef.

Dit is van die belangrikste en mees problematiese eienskappe waarmee Afrikaners, wat 'n sin het vir die tyd waarin hulle lewe, in die reïne moet kom. Afrikanerskap verkeer histories onder druk en kan gevolglik nie sonder meer op dieselfde ou lyne voortbestaan nie, al is dit net omdat selfkritiek en heroriëntering in eie geledere dit nie meer moontlik maak nie. Terselfdertyd kan daar nie sonder meer aangevoer word dat Afrikanerskap agterhaal is en op die punt is om te verdwyn nie. Etniese of oorgeërfde identiteit het eenvoudig 'n blywender aard as dit en 'n goeie teoretikus behoort ook hier die voorwerp van sy belangstelling met beskeidenheid te benader.

Afrikaners het genoeg rede om deur nasiebou en herverdeling bedreig te voel. Hulle tree op met die soort gemobiliseerde selfbewussyn wat 'n nuwe nasie in die weg staan en wat as eerste prioriteit deur lojaliteit aan die nuwe staatsorde vervang moet word. Hulle het ook materiële voordeel uit die Ou Orde getrek en word deur regstellende handeling in die openbare en korporatiewe sektore bedreig, tot die mate dat daar reeds van 'n tweede "armblanke"-vraagstuk sprake is. Dit lyk dus asof Afrikaners rede het om die Nuwe Orde radikaal te bevraagteken en nie net krities daarbinne op te tree nie, maar of hulle dit kan regverdig, moet nog duidelik word.

'n Afrikaanse gemeenskap van dieselfde aard met 'n selfbewussyn van dieselfde graad, bestaande uit "swart", "bruin" en "wit" sprekers van Afrikaans het tot dusver nie tot stand gekom nie. Of dit in die afsienbare toekoms sal gebeur, sal die tyd ons moet leer. Die uitwerking wat nuwe politieke verhoudinge, strydpunte en geleenthede op 'n Afrikaanse gemeenskap kan hê, kan nie in veel

besonderhede vooruitgesien word nie, maar dit is duidelik dat die status en gebruik van Afrikaans in die Nuwe Orde agteruitgaan. Dit is te wagte dat sprekers van Afrikaans hulle daarteen sal verset en met die oog daarop sal saamspan.

Die feit dat daar sprekers van Afrikaans van uiteenlopende afkoms, agtergrond en stand is, kan die moontlike Afrikaanse identiteit van ongemaklike verbintnisse met die Ou Orde vrywaar. Dit kan voorstanders van Afrikaans se hande sterk en selfs bydra tot 'n ervaring van lotsgebondenheid — 'n belangrike aspek van gemeenskapsbewussyn. Of die verskille in geskiedenis, ervaring en tradisie en die sosiale en ekonomiese klowinge wat dit in die hand gewerk het hoegenaamd oorbrug kan word, is nog geen uitgemaakte saak nie.

Die indruk bestaan egter dat die inisiatief vir 'n Afrikaanse identiteit ook van Afrikaners uitgaan in 'n poging om bondgenote vir die beskerming van sekere sleutelbelange te vind en om hulle eie posisie polities meer korrek in te klee. Indien dit mettertyd 'n opportunistiese strategie van histories bevoordeeldes blyk te wees, kan mens verwag dat dit op die lange duur selfverdelend sal uitwerk. Mens moet egter in aanmerking neem dat daar van meer as 'n politieke beweging wat stemvee soek, sprake is en dat dit intellektuele is wat aan die spits van die Afrikaanse beweging staan. Om die waarheid te sê: in die breë Suid-Afrikaanse debat het hulle die teoretiese vakuum wat 'n nuwe geslag konserwatief-nasionalistiese opposisie-Afrikaners gelaat het, gevul.

'n Moontlike Afrikaanse identiteit kan homself ook beter binne die Nuwe Orde tuismaak en staan nie uit die staanspoor in stryd met nasiebou of herverdeling nie. Dit is heeltemaal denkbaar dat 'n Afrikaanse gemeenskap wie se billike aansprake en regte erken word, aan 'n demokratiese staatsorde lojaal kan wees. So 'n gemeenskap behoef dus nie 'n radikale kritiek op die Nuwe Orde nie, en kan binne die liberale retoriek op die soort pluralisme wat dit nodig het, aanspraak maak. Spanning hoef net te ontstaan in soverre regverdigbare aansprake, byvoorbeeld dié op moedertaalonderwys en die handhawing van Afrikaans, in 'n ondemokratiese gees geminag word. Solank lewensomstandighede nie veel versleg nie, sal baie middelklas Afrikaners hulle bes moontlik eerder met so 'n houding vereenselwig as om skerp krities of afwysend op die Nuwe Orde te reageer.

Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat Afrikaner- en Afrikaanse identiteite mekaar uitsluit nie. Inteendeel: die twee kan met gemak naas mekaar staan; 'n Afrikaner wat die Nuwe Orde onaanneemlik vind en aan radikale kritiek onderwerp kan hom tog maklik voorstel dat 'n ander Afrikaner of Afrikaansspreker hom daarmee vereenselwig solank sy billike aansprake en regte erken word. Netso kan 'n Afrikaanse Suid-Afrikaner aanvaar dat daar Afrikaners is wat hulle nie met die eise van nasiebou en herverdeling vereenselwig nie en hulleself buite die orde wat daarop gebaseer is, wil plaas. Nie een van die twee groepe hoef tog die res aan hulle idees te onderwerp as voorwaarde vir hulle eie sukses nie. Persoonlik vind ek dit byvoorbeeld moontlik om my tegelyk met beide se toekomsverwachting te identifiseer en tot beide se verwesenliking by te dra, maar onmoontlik om 'n radikale kritiek ten gunste van opposisie binne die sisteem te laat vaar.

Hoe presies die gemeenskap wat uiteindelik 'n radikale kritiek teen die Nuwe Orde sy eie gaan maak daar sal uitsien, is onmoontlik om te sê. Afrikaners koester nie meer so algemeen beelde van 'n monolitiese gemeenskap nie en namate 'n sin vir die verskeidenheid in eie geledere posvat, word nuwe moontlikhede vir hulle verhouding met ander, verwante gemeenskappe geopen. Dit maak nie net 'n opposisionele Afrikaanse identiteit moontlik nie, maar ook 'n meer pragmatiese houding ten opsigte van Afrikaanse bondgenootskappe by diegene wat die Nuwe Orde afwys.

DRIE TEORETIESE VERWYSINGSPUNTE

As dit waar is dat die belangrikste standhoudende opposisie binne die Nuwe Orde deur liberale teorie onderlê word en andersom, dat die liberale kritiek eintlik grondlegend tot die Nuwe Orde bydra; en as die behoefte aan 'n grondige uitdaging van daardie Orde bestaan, volg dit dat 'n derde punt, 'n punt buite die sisteem ontwikkel moet word. So 'n standpuntinname sal van belang wees slegs insoverre dit op deurdagte teoretiese verwysingspunte gegrondves word. Sulke verwysingspunte moet mens in staat stel om dinge wat nie deur die sisteem ingefluister word nie, te dink; om oor die vraagstukke van die dag meer as net ja of nee te sê; om met selfvertroue buite orde te wees.

Teoretiese verwysingspunte is nie dieselfde as 'n teorie nie, dit toon nie die sistematiese samehang wat eie aan 'n uitgewerkte teorie is nie en gee nie voor om die sleutel tot elke vraag se antwoord te wees nie. Dit is eerder sentrale onderwerpe waarvoor daar deeglik

besin word en waarvan die besinning uitkring tot waar dit konkrete standpuntinnname medebepaal. Dit mag tot 'n teorie verdig, maar vir eers skep dit die ruimte waarbinne 'n politieke program geformuleer kan word. Ek wil drie sulke onderwerpe wat 'n derde punt kan help aanwys, aanraak en duskant die formulering van 'n politieke program halt roep. Die onderwerpe is politiek, geskiedenis en vryheid.

POLITIEK

Almal weet dat 'n mens nie in isolasie lewe nie, meer nog: dat die liefde, geluk, vyandskap of droefheid wat ons lewens vul slegs betekenis het in soverre dit saam met en deur die oë van ander ervaar word. Maar almal maak nie dieselfde afleidings daarvan nie. Vir sommige is dit juis die rede waarom 'n enkeling in haar verhoudings met ander aan so min as moontlik inmenging blootgestel moet word en met betrekking tot haar eie sake op privaatheid geregtig is. Daaruit volg dat regeringsfunksies tot die minimum beperk behoort te word en enkelingsregte bo alles die maatstaf vir goeie politieke handeling te wees. Vir ander is dit weer die rede waarom die staat as 'n gesamentlike projek, as 'n uitdrukking van sy burgers se strewes en waardes, nie afsydig of neutraal kan wees nie, maar 'n verantwoordelikheid het hulle ontwikkeling en beterskap by te dra. Daaruit volg weer dat die gemeenskaplike belang van veral benadeelde klasse of groepe die maatstaf vir goeie politieke handeling behoort te wees.

Vir beide benaderings het politiek dus iets met die verkryging en uitoefening van mag te make — en mens hoef nie 'n aktiewe liberalis of sosialis te wees om dié indruk van politiek te deel nie. Om die waarheid te sê: by ons verbind die wit middelklas, wat talle Afrikaners insluit, politiek byna deurgaans met die magsmeganismes en -instrumente wat eie aan moderne state is. Die gevolg is dat dit dikwels negatiewe beelde oproep en politieke bedrywigheid maklik as die wedywering van magshonger, of ten beste ydel, selfgesentreerde agente wat mense en idees sonder skroom vir hulle eie doelwitte inspan, voorgeteken word. Dit is dus nie 'n verrassing dat mense wat politiek só sien, hulle daaraan onttrek of deur materiële welvaart daarteen probeer verskans nie.

'n Vrugbaarder siening van die saak, veral vir diegene wat sowel 'n sosiale gewete as 'n afkeer in 'n gekierrang agter die skerms het, is om 'n ruimer beeld van die politieke aard van ons menswees as wat praktiese politiek normaalweg toelaat, te ontwikkel. In dieselfde

mate as wat 'n mens deur ander mense lewe, word die verhoudings tussen mense en die beelde wat hulle van hulleself en ander ontwikkel, deur verskil onderlê. Groepering aan die hand van verskil is die grondslag waarop die politieke dimensie van ons gemeenskapslewe gebou word. Politieke verhoudings is die verhoudings tussen ons en die ander en politieke strukture is die vorm waarin sulke verhoudinge gegiet word, of dit nou op die sakewêreld, sport of owerheidsfunksies betrekking het. Só gesien moet politiek eerder as die hantering en reglementering van verskil beskou word — iets waarvan die ding met die slegte naam bloot 'n ongelukkige en veranderbare uitdrukking is.

Die twee sienings van politiek wat hier uiteengesit is, loop op twee sienings van die verhouding tussen staat en politiek uit. Die instrumentele benadering tot politiek veronderstel die bestaan van een of ander staatsorde waarbinne magsinstrumente alreeds bestaan en wat een of ander stel reëls vir die verkryging van beheer daaroor insluit. State word as 't ware deur die geskiedenis opgerig en dan deur mense bedryf; 'n staat neig om op grond van samehangende belange 'n subjektiwiteit van sy eie aan te neem en sy eie voortbestaan en stabiliteit te beskerm. Binne dié orde vind die kompetisie vir beheer oor magsmiddele plaas en die groep wat wen, identifiseer sigself met die staat om daardeur sy beheer daaroor te beveilig — tot uitsluiting van die ander.

Dit het byvoorbeeld in Suid-Afrika onder 'n wit minderheidsregering gebeur en is, ironies genoeg, deur die beskikbaarheid van demokratiese prosesse vir die wit minderheid in stand gehou. In 'n veeleltiese gemeenskap is 'n verkose meerderheidsregering egter geen waarborg dat dieselfde tegniek van uitsluiting nie weer ingespan sal word nie, veral nie ten aansien van die minderheid wat owerheidsmag voorheen gemonopoliseer het nie. Politiek, gesien as die wedywing vir mag binne 'n gegewe staatsorde, kan vir die lede van dominante meerderheidsgemeenskappe alles bied wat hulle wil hê, maar lede van minderheidsgemeenskappe wie se kollektiewe belang op die kantlyn geplaas word, word daardeur tot 'n permanente minderheid verdoem.

Lede van minderheidsgroepe wat nie in staat is om volgens die reëls owerheidsmag te bekom nie, maar wat daarop aanspraak maak dat hulle kollektiewe belang deur die staat erken moet word, byvoorbeeld in die vorm van moedertaalonderwys of taalregte, ervaar 'n owerheid se aanbod van en beperking tot enkelingsregte

as onbevredigend en selfs onderdrukkend. Niks ondermyn 'n stelsel se aanspraak dat dit demokrasie is so weselik as die bestaan van permanente, onderdrukte minderhede nie.

Afrikaners of Afrikaanses kan binne die Nuwe Orde genoodsaak wees om met die oog op weselik belangrike belange die owerheid met alles tot hulle beskikking te opponeer. Dit lyk tans of daar so 'n behoefte ontstaan. Die gevolg is dat hulle — eng of ruim omskryf, met of sonder bondgenote — geledere teen 'n gesamentlike vyand moet sluit. In geslote geledere is verskil nie welkom nie en dit maak nie saak hoe politiek korrek of ongevoelig jy jouself omskryf het nie, as die logika van verskansing posgevat het, het n gemeenskap sy vryheid verloor.

Dit bring ons by die ander benadering tot politiek, die benadering wat dit as die hantering en reglementering van verskil beskou. Hierdie benadering veronderstel dat die eg menslike verskeidenheid in owerheidstrukture tuisgemaak kan word en dat 'n goeie politieke orde die ander nie inbind nie, maar vrystel om sigself te wees. Die belangwekkende wending wat hierdeur teweeg gebring word, wat 'n derde punt buite die Nuwe Orde verteenwoordig, is dat politiek nie 'n funksie van die staat is nie, maar dat die staat 'n funksie van politiek is. Anders gestel: die staat gaan politiek nie vooraf nie, maar politiek gaan die staat vooraf.

As 'n besondere staatsorde 'n bepaalde gemeenskap nie vrystel om te wees wat dit is nie en lede van die gemeenskap ervaar dat hulle onder druk verkeer, sal die historiese voorrang wat bestaande strukture altyd geniet, tot gevolg hê dat die aard en plek van die gemeenskap bevaagteken en desnoods hervorm word. As die staat politiek vooraf sou gaan, eindig dit daar en kan mens 'n brute belangebotsing ten aansien waarvan die teorie sonder woorde staan, verwag. As politiek die staat egter voorafgaan, kan die besondere staatsorde ook bevaagteken word en kan 'n nuwe staat wat meer ruimte vir verskil bied, oorweeg word. Hierdie benadering bied die teoretiese toerusting wat nodig is om die moeilikste vraagstukke onderhandelend aan te pak.

GESKIEDENIS

In Suid-Afrika was die afgelope dekade een van dié wat mense laat voel daar is geskiedenis gemaak, maak nie saak of hulle ten gunste daarvan of daarteen was nie. Feit is dat die magsverlies wat die wit minderheid vir geslagte lank gevrees en ontwyk het,

afwendbaar geblyk het en plaasgevind het. Die besondere aanloop tot en afloop van die omwenteling het die beeld van 'n regverdigbare en wenslike ontwikkeling laat ontstaan, in pas met die kragte van demokrasie en die vryemark in hulle mars om die aardbol. Daarmee word dit — vir dié wat dit regtig glo — ingetrek in 'n groter ontwerp wat sigself in die geskiedenis voltrek.

Hierdie beeld van groter ontwerpe wat in die geskiedenis ontplooi en met terugskouende insig uitgewys kan word, moet uit 'n behoefte aan orde en insig in die werking van historiese kragte voortspruit. Dit is eie, nie net aan die Ou Orde in Suid-Afrika nie, maar aan elke bedeling waar genoeg gevestigde belang saamval met die vermoë om dit te probeer beskerm. Dié benadering berus meestal tot 'n mindere of meerdere mate op totalitêre en fundamentalistiese uitgangspunte.

Een vorm wat dit aanneem, is om geskiedenis te beskryf as 'n antwoord op die vraag: hoe het dinge geword soos dit is? Op sigself geen onsinnige vraag nie en 'n benadering wat wye aanhang geniet, maar as ordenende beginsel vir die geskiedenis lei dit mens op 'n dwaalspoor. Dinge soos dit is vorm maklik die ordenende uitgangspunt vir 'n skema wat eenvoudig op verwickelde gebeure in die verlede neergelê word. Anders gestel: die vraag na hoe dinge geword het soos dit is, gaan altyd uit van dinge soos dit is, van gevestigde belange wat aangeveg of beskerm moet word. Dit is dus 'n geldige vraag, maar as grondslag van geskiedkundige ondersoek, is dit om een lus uit die kraaines van menslike handeling te neem en dit tot bron van orde vir die res te verklaar.

Dit word totalitêr wanneer hierdie lyn van gebeure en die dinge wat daarmee in verband gebring word, as die totaal of geheel van wat geskiedkundig belangrik is, beskou word; die goue draad wat by nabaat deur 'n klomp brute gegewens gevleg word. Dit sluit per definisie die ondenkbare uit, of andersom: dit stel die ondenkbare daar juis omdat die aanvaarde geheel van wat gedink kan word, omlyn.

Dit word fundamentalisties wanneer daar vir elke insig wat alomvattend probeer wees, 'n beroep op ontwyfelbare, bo- of buite-historiese grondslae gedoen word. Dit verskyn in die vorm van godsdienstige of sekulêre moralismes wat op sulke verrassende plekke in politieke debatte en geskiedkundige besinnings verskyn,

sonder enige sin vir die beperktheid van die mense wat hulleself as verlengstukke van God of Goedheid aanbied.

Dié beskouing het die geskiedenis wat ek op skool geleer het, onderlê, maar lê alreeds weer die “nuwe” geskiedenis, soos deur die nuwe maghebbers aangebied en deur my oud-leermeesters verwerp, ten grondslag. Die inhoud mag verskil, maar die geaardheid bly dieselfde; dalk moet mens sê maghebbers verander van kleur, maar nie van streke. Ek is dus van oordeel dat die Nuwe Orde dieselfde fundamentalistiese en totalitêre geskiedenisbeskouing wat die Ou Orde onderlê het, deel en dat dit deurbreek moet word om ‘n derde punt buite die Nuwe Orde te beset. Dit kan gedoen word as mens aanvaar dat die geskiedenis, soos soveel ander dinge onder die hemel, nie so deurskynend is as wat sommige van ons dit sou wou hê nie. Inteendeel: uit ons karige, menslike perspektief is die geskiedenis deurtrek van ondenkbaarhede; om die waarheid te sê, dit bestaan daaruit, want wat nie vir my ondenkbaar is nie, is vir iemand anders.

Om — vanuit jou besondere standpunt — met die wisselvalligheid van gebeure en die moontlikheid van die ondenkbare te leer rekening hou, is om ‘n historiese bewussyn te ontwikkel; om dit in te sien, is die sleutel tot ‘n derde punt. Dit lê die betreklikheid van dinge soos dit is, van elke bestaande Orde bloot, selfs al is dit ‘n “Nuwe Orde”. Dit open nuwe moontlikhede vir diegene wat hulle subjektiwiteit kan relativer, wat hulle oopstel vir die gebeure en hulle handeling aan die hand daarvan rig, vir dié wat kan insien watter betrekkinge die betreklikheid van ‘n bepaalde saak onderlê en gelukkig genoeg is om reg daarop te reageer.

VRYHEID

Die historiese oorgang van ‘n “ou” na ‘n “nuwe” Suid-Afrika is tot ‘n groot mate deur ‘n omvangryke vredesproses bemiddel. Dit was veral opvallend hoe mense wat nooit sou toegee dat die regering of die staat in ‘n oorlog gewikkel was nie, hulle deur dié retoriek laat meesleur het en vrede tot die hoogste waarde verhef het. Die wit middelklas wat op die punt gestaan het om hulle politieke alleenreg te verloor, het tegelyk ook die meeste te verloor gehad as onvrede sou heers en het voor ‘n botsing van belange te staan gekom. Uiteindelik was magsbehoud sonder vrede - en dit sonder ‘n aanneemlike morele grondslag - té ‘n bleek vooruitsig om hulle toekoms op te bou en het hulle die vreedsame oprigting van ‘n Nuwe Orde verkies.

Die voorrang wat vrede by die ou magselite geniet het, het egter nie meegebring dat vryheid 'n minder sentrale beweegrede vir die uitgeslotenes van die Ou Orde was nie. Vir hulle was dit die einde van 'n vryheidstryd waarin die mense van Suid-Afrika (onderdrukkers uitgesluit) verenig was en wat almal in die land (onderdrukkers ingesluit) in staat sou stel om met 'n soort laat-koloniale stelsel af te reken. Hulle sou Suid-Afrika bevry en een verenigde, onverdeelde samelewing daarstel.

Vryheid is op twee vlakke in werking gestel: vryheid vir die nasie en vryheid vir die enkeling, beide deur die vestiging van demokratiese instellings. Die proses het Suid-Afrika 'n nuwe regering en 'n Grondwet met 'n handves van fundamentele regte, wat algemene aanvaarding en erkenning geniet, besorg en die muishond van die wêreld weer met rang in die statery beklee. Die vryheid van die staat en van individuele burgers, selfs ten aansien van sake wat slegs kollektief deur groepe burgers beoefen kan word, is dus erken en gewaarborg, maar die vryheid van kollektiewe entiteite is daaraan ondergeskik gestel. Omdat dit met die liberaal-demokratiese tradisie in pas is, word hierdie grondslag van die Nuwe Orde nie uit liberale geledere bevraagteken nie. Inteendeel: daar kom weer net 'n tweeledige opposisie tussen 'n beklemtoning van die regte en vryhede van enkelinge en die beklemtoning van die staat se rol en verantwoordelikhede tot stand, veral ten aansien van die ekonomie. Uit hierdie spanning volg die raarste totale aanslag-retoriek en die middelklas word diep onder die indruk gebring dat kommunisme nog nie dood is nie, in elk geval nie in Suid-Afrika nie.

TEORIE EN PRAKTYK

In hierdie geval is dit byna té maklik om 'n derde punt aan te wys. Hier lê die moeilikheid nie op teoretiese vlak nie, maar by die ernstige praktiese gevolge wat die teoretiese aanvaarding daarvan sou hê. Die teorie is eenvoudig: aanvaar dat nuwe state by wyse van afstigting van bestaande state tot stand kan kom. Dit word deur die algemene aanvaarding van volke se reg op selfbeskikking, deur voorbeelde in die geskiedenis en (hoop ek) deur die voorafgaande beredenering van politiek en geskiedenis moontlik gemaak. Daar is egter altyd talle gevestigde belange, ideologies en materiële, wat weerstand daarteen in die hand werk. Daarom word die saak nie in abstrakte, ideële terme besleg nie, maar aan die hand van besondere, konkrete eise wat gemeenskappe aan

mekaar en aan regerings stel. Bowendien is die reg op selfbeskikking geen absolute reg nie, maar moet dit altyd in samehang met ander regte uitgeoefen word.

In ons geval is daar 'n wesenlike getal Afrikaners wat hulle steun vir hierdie derde punt bewys het. Hulle beskou hulleself as 'n volk, toon dit aan met sosiale, historiese en politieke gegewens en begeer die oprigting van 'n eie politieke gemeenskap. Sommige stel dit as 'n absolute eis en tree regstreeks in stryd met ander se regte, maar ander hou rekening met die betreklikheid van hulle reg en wil dit graag in harmonie met ander geldige aansprake en regte uitoefen.

'n Regering wat kies om hierdie strewe te minag, sal nie uitsonderlik of onverklaarbaar optree nie; hulle sal in ooreenstemming met talle ander, nou en in die verlede, wees. Die gevolge is egter ook voorspelbaar: die Nuwe Orde sal 'n gevestigde orde word; die maghebbers sal dit in stand probeer hou; daarvoor sal hulle toenemend op totalitêre en fundamentalistiese retoriek staatmaak; strukturele spanning sal in konflik oorgaan; die regering sal nie meer vanselfsprekend die morele hoë grond beklee nie en die onderdrukte volk wie se billike strewe gefrustreer word, sal 'n regverdigbare saak kan uitmaak; ná 'n brute konfrontasie sal daar vanuit 'n derde punt buite die bestaande Orde oor 'n oplossing onderhandel moet word.

Daar bestaan nog 'n moontlikheid: om nou 'n verstandhouding wat op die rolspelers se besef van hulle eie betreklikheid berus, te vestig; om vryheid as rigsgaander te neem - dit was nog altyd belangriker as vrede. Dit is die moeilike wêreld om te probeer.